**Aan wie dit mag aangaan**

**Geagte Skoolhoof en Musiekhoof**

Die vrolike musiekblyspel *Hairspray* met sy helderkleurige kostuums, interessante haarstyle en treffermusiek word binnekort deur die Hoërskool Jan van Riebeeck in die Baxter Teater op die planke gebring. Die doel is om die produksie so professioneel moontlik aan te bied as ’n gemeenskapskonsert en nie net ’n gewone skoolkonsert nie.

Die sanger-akteurs is talentvolle leerlinge van die skool, en die orkes is saamgestel uit professionele musici. Heinrich Lategan, ’n dirigent van Bloemfontein, lei die orkes en sal saam met Geruan Geldenhuys en Regina Malan die musiekregie behartig. Malan dien ook as die regisseur van die produksie, saam met Rushney Ferguson.

*Hairspray* speel in 1962 in Baltimore, Amerika, af in die tyd van die groot haardosse, soos dié van Tracy Turnblad. Die tienermeisie het net een begeerte en dit is om te dans. Sy weet sy is nie ’n gunsteling soos Amber von Tussle nie, maar met die bystand van vriende word haar droom verwesenlik om ’n rol in die Corny Collins Show op TV los te slaan. Danksy die blootstelling op TV geniet Tracey eensklaps bekendheid wat sy gebruik om ondersteuning te werf vir haar passie om rasse-integrasie in die vertoning te bewerkstellig. Dit is geen maklike taak nie, maar sy en haar vriende het besluit hulle sal nie moed opgee voordat hulle hul doel bereik het nie.

*Hairspray* was een van die gewildste musiekspele in die begin van die millennium. In 2003 het dit agt Tony-toekennings ontvang, waarvan een vir die beste musiekspel en eers ná 2,642 vertonings op Broadway het die gordyn op die verhoogskouspel gesak. Daarna is *Hairspray* in Londen se West End en talle ander lande opgevoer, en in 2007 is dit verfilm.

Die Jan van Riebeeck-akteurs wat reeds ure se repetisies agter die blad het vir vyf opvoerings op die Baxter-verhoog is Marilé Engelbrecht (Tracy Turnblad), Lu-wyk Steyn (Link Larken), Simon van der Berg (Corny Collins), Gideon van Zyl (Mr Pinky), Phumie Oliphant (Motormouth Maybelle), Amuran Bester (Seaweed J. Stubbs), Giulia Nel (Edna Turnblad), Phillip Herbst (Wilbur Turnblad), Daniella Coetzee (Amber von Tussle) en Ankia Erasmus (Velma von Tussle).

Ons nooi u skool baie graag uit om gebruik te maak van hierdie wonderlike geleentheid deur u leerders te bederf met ’n aand uit om hierdie trefferproduksie in die Baxter Teater, wat geleë is op die Universiteit van Kaapstad se kampus, te beleef.

Vind gerus hier onder die inligting vir die koop van kaartjies asook die skakel na *Webtickets*. Skakel ook gerus die Baxter Teater direk met enige navrae rondom die skolevertoning en gesels met Leon van Zyl by leon.vanzyl@uct.ac.za.

***Hairspray*, 3 Mei 2022 om 19:00, Baxter Teater, kleedrepetisie slegs vir skoliere. Kaartjies: R100. Bespreek by: leon.vanzyl@uct.ac.za.**

**4 tot 7 Mei 2022 om 19:00, Baxter Teater. Kaartjies: R180 tot R200.**
**Bespreek by Webtickets: https://www.webtickets.co.za/v2/Event.aspx?itemid=1513298366**

Ons sal u ondersteuning baie waardeer!

**Vriendelike musiekgroete**

Rademeyer

**Pieter Rademeyer**
**Skoolhoof**

**Geruan Geldenhuys**
**Direkteur: Musiek en Kultuur**

W: janvanriebeeck.co.za | E: ontvangs@janvanriebeeck.co.za | Skoolhoof: Pieter Rademeyer [B.A.; B.Ed (Hons.); N.O.S.]